

# DIE WESE EN DOEL VAN DIE “NAGMAAL”

## GELD DIT NOG VIR DIE HEDENDAAGSE GELOWIGE IN CHRISTUS?

Gerrie Malan (Mei 2021)

---

<sup>26</sup> Terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem, en nadat Hy die seëngebed uitgespreek het, breek Hy dit, gee dit vir die dissipels en sê: “Neem, eet, dit is my liggaam.”<sup>27</sup> Toe het Hy die beker geneem, gedank, dit vir hulle gegee en gesê: “Drink almal daaruit,<sup>28</sup> Want dit is my bloed, die bloed van die verbond wat vir baie uitgegiet word tot vergewing van sondes.<sup>29</sup> Ek sê vir julle: Van nou af sal Ek beslis nie weer van hierdie vrug van die druiwestok drink nie, tot daardie dag wanneer Ek dit nuut saam met julle sal drink in die koninkryk van my Vader.” (Mat 26:26-29, 2020 Afrikaanse Vertaling)

<sup>14</sup> Toe die uur aanbreek, het Hy en die apostels saam met Hom vir ete aangeleun.  
<sup>15</sup> Toe sê Hy vir hulle: “Ek het van harte begeer om hierdie Pasga saam met julle te eet voordat Ek ly.<sup>16</sup> Want Ek sê vir julle, Ek sal dit beslis nie weer eet totdat dit vervul is in die koninkryk van God nie.”<sup>17</sup> Daarna het hy ’n beker geneem, en nadat Hy gedank het, gesê: “Neem dit, en deel dit onder mekaar.<sup>18</sup> Want Ek sê vir julle, van nou af sal Ek beslis nie weer van die vrug van die druiwestok drink, totdat die koninkryk van God gekom het nie.”

<sup>19</sup> En Hy het brood geneem, en nadat Hy die seëngebed uitgespreek het, breek Hy dit, en gee dit vir hulle en sê: “Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Doen dit om My in herinnering te bring.”<sup>20</sup> So ook met die beker ná die ete, met die woorde: “Hierdie beker, wat ter wille van julle uitgegiet word, is die nuwe verbond deur my bloed.” (Luk 22:14-20, 2020 Afrikaanse Vertaling)

<sup>23</sup> Ek het van die Here ontvang, wat ek ook aan julle oorgelewer het: Die Here Jesus het in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem,<sup>24</sup> en nadat Hy die seëngebed uitgespreek het, het Hy dit gebreek en gesê: “Dit is my liggaam – ter wille van julle. Doen dit om My in herinnering te bring.”<sup>25</sup> So ook met die beker ná die ete, met die woorde: “Hierdie beker is die nuwe verbond deur my bloed. Doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, om My in herinnering te bring.”<sup>26</sup> Want so dikwels as wat julle hierdie brood eet en uit hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here, totdat Hy kom. (1 Kor 11:23-26, 2020 Afrikaanse Vertaling)

---

## INLEIDENDE OPMERKINGS

Hoewel ek die afgelope jare dikwels na video’s oor hierdie onderwerp gekyk en literatuur geraadpleeg het, het ’n onlangse vraag aan my, opnuut my fokus daarop geplaas. En waar ek gereeld klem lê op die noodsaaklikheid om die Skrif binne die volledige konteks van die tyd waarin dit afgespeel het en geskryf is te verstaan, het hierdie studie my met nuwe intensiteit die belangrikheid van korrekte konteks laat beseef. Vir behoorlike Bybelstudie is dit absoluut nodig om die implikasies

daarvan te verstaan dat die Bybel uit 66 boeke (kanonieke boeke) bestaan wat oor 'n tydperk van 1400+ jare en deur ongeveer 40 mense, in drie verskillende tale (Hebreeus, Aramees en Grieks), en op drie verskillende kontinente geskryf is. **Terwyl belangrike kultuuraspekte oor eeue heen behoue kan bly, is groot kulturele veranderinge en gevolglike kontekstuele verskille ook onvermydelik.**

Teen hierdie besef het ek dus skerp gefokus op betekenis en gebruike van die antieke Israelitiese volk in aanloop tot en met die tydperk waarin Jesus van Nasaret se lewe in die evangelies en briewe neergepen is. Die Bybelse beskrywings van Jesus van Nasaret se lewe wys baie duidelik dat Hy die bestaande tradisies van daardie tyd eerbiedig het in soverre dit in ooreenstemming met die Wet van Moses (of eerder, onderwysing van Israel se God) was. Omdat die tradisies en gebruike van Bybelse Israel so omvangryk verweef is, was dit ook vir my 'n uitdaging om hierdie studiestuk nie onnodig lank te maak nie, maar steeds vir die gewone leser volledig aan te bied.<sup>i</sup>

Daar is 'n aantal belangrike elemente in die spesifieke gebeure om oor te besin:

1. Spesifieke tradisies
2. Gemeenskaplike ete en spesifiek die Pasgamaal
3. Brood
4. Wyn
5. Verbond

## ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN SPESIFIEKE TRADISIES

Na Israel se uittog uit Egipte ontvang hulle God se verbond deur Moses (ook bekend as die Mosaïese verbond) by Sinai. Vir die eerste keer lees mens dat God 'n volk in sy hele samelewingswese op omvangryke wyse georden het – onder andere die godsdienstige, regsprekende, ekonomiese, sosiale en morele verband. Die Tabernakel wat toe volgens God se opdrag en riglyne opgerig is, het van daar af die middelpunt van Israel se hele bestaan geword. Verskeie eeue later neem koning Dawid Jerusalem by die Jebusiete af en dit word Israel se hoofstad. Later word die eerste Tempel deur sy seun, Salomo, in Jerusalem opgerig. Die Tempel vervang die Tabernakel as die sameleving van Israel se middelpunt. Die Israeliet se hele lewe, sy daaglikse aktiwiteite was aanbiddingsgerig.<sup>ii</sup>

### *DIE ETENSTAFEL AS ALTAAR*

Jerusalem word in die jare 597 en 587/586 v.C. deur die Babiloniese magte aangeval en groot getalle Israeliete (Jode) word in ballingskap na Babilon weggevoer. Die Tempel is ook vernietig. Hierdie ballingskap het sowat 70 jaar geduur.<sup>iii</sup> Sonder die Tempel en priesterdom in hul midde, het die Jode 'n stelsel van wette en gebruike ontwikkel om die opdragte (of gebooie) van God wat nie meer uitgevoer kon word nie, steeds te onderhou en bewaar. So is die sinagogestelsel uitgebou en **het die etenstafel in hul woonplekke 'n substituut altaar geword**. Vaders kon daarmee hul kinders oor die offerandes onderrig met dit wat op die tafel was. Dit sou verseker dat die mense nie die opdragte van God vergeet nie en sou hulle Sy opdragte kon voortsit wanneer hulle eendag na hul land sou kon terugkeer. Jesus en Sy dissipels het dus die Pasgamaal om die “substituut altaar” genuttig.<sup>iv</sup>

### *DIE PLEK EN STATUS VAN AANDETE*

In die Joodse kultuur (en ook vir die Grieke en Romeine) was die aandete enige dag se hoofmaal. Dit kon ook laatmiddag begin en dan tot in die nag in duur.<sup>v</sup> Dit verklaar hoekom Jesus en sy dissipels die Pasgamaal in die aand genuttig het. Jode se tradisionele weeklikse Sabbatsmaal in hul wonings vind vandag ook nog in die aand plaas.

Voorts verklaar dit ook waar die term ‘nagmaal’ vandaan gekom het - ‘avondmaal’ in Nederlands en ‘last supper’ in Engels.

Dit is ook belangrik om te besef dat selfs ’n gewone gesamentlike maal van ’n groep veel meer behels het as om die liggaam te voed. In die tradisionele Joodse kultuur was dit ’n intieme samekoms (en dit is vandag nog so). Om die tafel het die groep hulle aan mekaar blootgestel (of vir mekaar ‘oopgemaak’). Benner, van die Ancient Hebrew Research Center, beskryf die Pasgamaal as ’n geordende instelling en wat vergelyk kan word met ’n simfonie waarin die talle dele saam een harmonieuse klank voortbring.<sup>vi</sup>

Dit verklaar bo alle twyfel Paulus se ontsteltenis met die Korinthiërs se wanordelike byeenkomste en verdeeldheid wat daartydens geheers het (1 Kor 11:17-34). Vroeër, hoofstuk 5, het hy reeds bepaalde groepe mense onder hulle genoem met wie hulle nie moes saam eet nie!

’n Goeie relatiewe hedendaagse voorbeeld het in September 1993 afgespeel met die ondertekening van ’n vredesooreenkoms tussen die Palestynse leier Yasser Arafat en Israel se premier Yitzhak Rabin by die Amerikaanse Withuis. Die foto hiernaas het wêreldwyd in die media verskyn. In Israel egter is gevra of hulle saamgeëet het. Dit het veel groter betekenis gehad onder die Jode as om te sien dat hulle hand geskud het. Kyk byvoorbeeld die ontmoeting van Abraham en Melgisédek in Genesis 14:17-24.



#### ***DIE PLEK EN STATUS VAN BROOD IN ANTIEKE ISRAEL***

Brood word dwarsdeur die Bybel as primêre voedselbron aangetref, asook saam met koring as simbole van die aarde se vrugbaarheid. Bethlehem, die geboortedorp van Jesus, beteken ‘huis van brood.’ Die mense het deurgaans ’n aanbidende houding jeens brood uitgeleef. Daaruit het ook die gebruik gegroei om brood te breek en nooit te sny nie. Om brood met ’n mes te sny is as boos beskou, asof dit neergekom het op die sny van lewe. Mettertyd het die uitdrukking “om brood te breek” die betekenis van ’n eetmaal aangeneem, ongeag die voedselsoorte wat betrokke was.<sup>vii</sup>

---

*<sup>42</sup>En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede. ... <sup>46</sup>En dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet, ... (Hand 2:42, 46, AOV).*

---

In die woorde van Jesus aan Sy dissipels met die breek van die brood tydens daardie laaste Pasgamaal, word brood die simbool van God se grootste geskenk aan die mensdom – ewige lewe!

#### ***DIE PLEK EN STATUS VAN WYN IN ANTIEKE ISRAEL***

Wyn beklee eweneens ’n prominente plek dwarsdeur die Bybel. Noag is die eerste wingerdbouer wat in die Bybel beskryf word. Israel was dan ook een van die eerste van alle wynproduserende lande, meer as 2000 jaar voordat die druiwestok Europa bereik het. Dit is gebruik vir godsdienstige, mediese en sosiale doeleindes, en selfs as ’n kleurmiddel. Wyn is voorts geprys as ’n Goddelike gawe wat geniet kon word, maar wat ook korrupterende gevaar ingehou het. Mense het wyn in oorvloedige hoeveelhede gedrink omdat dit veiliger as water was. Die Hebreeuse *Talmud*

beskryf sestig soorte wyn waarvan sommige met water verdun is, terwyl geur- en preserveringsmiddels by van die ander gevoeg is.<sup>viii</sup>

Die lys van Koning Dawid se raadgewers in 1 Kronieke 27 dui een as toesighouer oor sy wingerde aan en een as toesighouer oor die wynvoorrade in die wingerde (1 Kron 27:27). In die Nuwe Testament figureer wyn eweneens prominent, byvoorbeeld toe Jesus water by 'n bruilof in Kana, Galilea, in wyn verander het, en die barmhartige Samaritaan wat wyn gebruik het om die beseerde reisiger se wonde te reinig (Joh 2:11 & Luk 10:34). Wyn word in die Joodse tradisie as 'n simbool van geluk beskou en dit verklaar waarom wyn by belangrike Joodse seremonies soos die Sabbat, troues of besnydenis geseën word.<sup>ix</sup>

Die *Mishna* is 'n belangrike geskrewe versameling van Joodse mondelinge tradisies. Daarin word minstens vier bekere wyn op die tafel van die Joodse Pasgamaal beskryf. Geen Skriftuurlike bron word daarvoor genoem nie, maar 'n emeritus professor van die Jewish Theological Seminary meen dit is grootliks 'n tuisgebaseerde aktiwiteit wat deur die vroeë Rabbis gesanksioneer is in die plek van die familie se Paasofferande by die Tempel na die vernietiging daarvan deur die Babiloniese magte in 587/586 v.C.<sup>x</sup>

Daar is verskillende verduidelikings vir die vier bekere wyn, maar 'n prominente een is dat dit God se vier beloftes aan 'n skeptiese Moses oor Israel se bevryding uit Egipte simboliseer (Eks 6:5-7, AOV):<sup>xi</sup>

- i. *Ek sal julle onder die harde arbeid van die Egiptenaars uitlei ...*
- ii. *Ek ... sal julle red uit hulle slawerny*
- iii. *Ek sal julle verlos deur 'n uitgestrekte arm ...*
- iv. *Ek sal julle bring in die land waaromtrent Ek my hand opgehef het, om dit aan Abraham, aan Isak en aan Jakob te gee; en Ek sal dit aan julle as 'n besitting gee, Ek, die HERE.*

Daardie derde beker staan dan ook bekend as die beker van verlossing (Engels: *cup of redemption*). Ek glo persoonlik dat hierdie verduideliking die oorspronklike bedoeling van die vroeë Rabbis weergee, omdat dit ooreenstem met die gebeure wat tot die instelling van die Pasga deur God gelei het. Sy opdrag aan Moses en Aäron was dat die dag vir hulle moes dien as 'n herinneringsdag en as 'n fees ter ere van die Here gevier moes word. Dit moes voorts geld as 'n voorskrif vir altyd vir hul nageslagte (Eks 12:14).

### ***DIE PLEK EN STATUS VAN DIE BLOEDVERBOND IN ANTIEKE ISRAEL***

Dwarsdeur die Bybel word verskeie verbondsverhale omskryf. Die boek **Hebreeërs** gaan byvoorbeeld grootliks oor verbond. Sou ***Die Verbondsboek Van God*** nie daarom 'n meer beskrywende naam vir die Bybel gewees het nie?

Normaalweg word die konsep van verbond geïnterpreteer as 'n ooreenkoms tussen twee of meer partye. Dit skiet egter ver tekort. “Verbond” in die Hebreeuse konteks is 'n metafoor vir 'n verhouding. Dink selfs in moderne terme – die huweliksverbond vereis verhouding. 'n Huweliksertifikaat hou as sulks geen waarborg van 'n suksesvolle huwelik in nie.

Die **Bloedverbond** was die sterkste waartoe die mens hom in 'n verhouding kon verbind. Dit was baie meer as net 'n belofte of gelofte:

- Alles wat ek het, dit gee ek jou.
- Alles wat ek is word joune.

- Met ander woorde, ek is bereid om my lewe vir jou te gee!

By verbondsluiting word verskeie stappe gevolg, waarvan die laaste die eet van 'n verbondsmaal is. Daar is altyd brood teenwoordig (as simbool van wat jy het) en altyd wyn (as simbool van wat jy is). Jesus se beklemtoning van hierdie twee elemente staan dus vas in die Joodse kultuurtradisie van Sy tyd.

Verbondstaal is een van verskeie metafore wat in die Bybelse en Joodse tradisie gebruik is om verhoudings te beskryf. In die besonder beskryf dit die verhoudings tussen God en Sy skepping, en dan veral die verhouding tussen God en Israel. Die ignorering van die metaforiese aard van hierdie taalgebruik het deur die eeue heen ongelukkig poëtiese letterkunde dikwels met verwarde en verwarrende doktrine vervang.<sup>xii</sup>

**Metafoor – figuurlike uitdrukking wat op 'n vergelyking of ooreenkoms berus. Die beeld word dus in plaas van die eintlike voorstelling gebruik.**

### **DIE NAGEDAGTENIS INSTELLING VAN JESUS**

Jesus dui aan hulle moet die broodbreking en wynbeker toepas tot Sy nagedagtenis (Luk 22:19). Die wyn simboliseer die bloed van die nuwe verbond. Jesus pas dus die betekenis van die tradisionele ete waarmee verbondsluiting afgehandel is op hul maal toe. Ek glo dat die beker wat Hy gebruik het om die Nuwe Verbond te verkondig, die derde beker was, die Beker van Verlossing.

Paulus herhaal dit in 1 Korinthiers 11:24 en onderstreep in vers 25 dat dit “so dikwels as julle daaruit drink” gedoen moet word. Handeling 2:46 dui aan dat hulle eensgesind volhard het om die tempel terrein daagliks te besoek, en ook dag vir dag van huis tot huis brood gebreek het – waarskynlik die aandete – terwyl hulle God geprys het. Paulus beklemtoon dat hulle nie moes ophou om dit te doen nie.

Let wel – dit was dus nie 'n ritueel soos dié wat algemeen (hoewel op verskillende wyses) kerklik bedryf word nie, maar 'n volledige ete. My verwysing na ritueel word nie met enige neerhalende bedoeling gemaak nie, maar spruit voort uit dekades se persoonlike belewenisse. Toe my naamgenoot oupa in 1955 sterwend gelê het aan maagkanker, vra hy dat die gemeente se dominee die nagmaal aan hom kom bedien in die hospitaal. Dominee laat weet dit word eenmaal per kwartaal by die kerk, en net by die kerk, bedien. Dan dink ek ook aan hoeveel van die jongmense van my groep met die geleentheid van ons formele kerklike aanneming en voorstelling as volwaardige lidmate gesê het ons kry die betrokke dag ons wynlisensie. Ek het dit by herhaling weer in jare daarna gehoor.

Paulus se beskrywing dat hulle deur die brood te eet en uit die beker te drink, die dood van die Here verkondig “totdat Hy kom,” moet ons sien teen die agtergrond daarvan dat Paulus en ander apostels Christus se wederkoms as voor die deur (Engels: *imminent*) verkondig het. Hul fokus was in hierdie opsig dus ten volle op daardie geslag mense gerig en nie op 'n toekomstige geslag nie. Die “eindtydprofesie” en “wederkoms” van Jesus het, in teenstelling met moderne populêre eintydleringe, vir hulle nie na 'n gebeurtenis in die verre toekoms verwys nie, maar na die vernietiging van Jerusalem en die Tempel deur die Romeinse magte in die jaar 70 n.C.<sup>xiii</sup> Kyk in hierdie verband byvoorbeeld Mattheus 16:28 en Johannes 16:19:

---

*Amen, Ek sê vir julle, sommige van dié wat hier staan, sal die dood beslis nie smaak voordat hulle die Seun van die Mens in sy koningsheerskappy sien kom nie. (Mat 16:28, 2020 Afrikaanse Vertaling)*

---

*Jesus (...) sê toe vir hulle (sy dissipels): “Is dit waarom julle mekaar uitvra, omdat Ek gesê het: Nog net ’n kort tydjie, dan sien julle My nie meer nie, en weer ’n kort tydjie, dan sal julle my weer sien?” (Joh 16:19, 2020 Afrikaanse Vertaling)*

---

## SLOTGEDAGTES

My verwysing na ’n geïmpliseerde afgehandelde wederkoms en die twee Skrifvoorbeelde om dit te ondersteun, mag by sommige lesers verwarring skep. Ek wil nie hier daardie aspekte bespreek en sodoende die onderhawige onderwerp uitrek nie en beveel eerder aan dat u verskeie artikels oor eindtyd onderwerpe, asook die gratis aflaaibare boek, *Die Eindtydprofesie Van Jesus*, van ons webtuiste aflaai en lees: [www.hoseaconnection.org](http://www.hoseaconnection.org).

Die woord ‘nagmaal’ (ook die Engelse terme *Last Supper*, *Holy Communion* of *Eucharist*) is ’n baie ontoreikende uitdrukking vir die volheid van die gebeure wat tydens die laaste pasgamaal van Jesus met sy intieme groep dissipels plaasgevind het. Ekself het jare gelede eerder die woord ‘verbondsmaal’ begin gebruik. In die lig van my bespreking in hierdie artikel is dit vir my ’n veel akkurrater beskrywing van die gebeure en instelling van Jesus.

Dit bring ons nou by die vraag wat aan my gevra is en wat tot hierdie studie-artikel gelei het: As Jesus dan reeds weer gekom het soos ek glo, moet ons in die lig van Paulus se beskrywing (1 Kor 11:23-26) nog steeds die “nagmaal” gebruik (of vier)?

**Persoonlik glo ek uit die Skrif dat gelowiges vandag die Lewende Christus in herinnering moet bring.** Ja, die gekruisigde Verbondslam sal onvermydellik as historiese stap in die Nuwe Verbondsproses genoem word, maar die opgestane Here in Sy koninkryksheerskappy en wat sit op Sy troon aan die regterhand van God die Vader in die hemelse dimensie (Heb 12:2) is die Een aan wie ek eer en aanbidding bring. Myns insiens is daar dus geen rede waarom die verbondsmaal nie as aanbiddingsaktiwiteit in gees en waarheid kan voortgaan nie (Joh 4:23) – nie as ’n kwartaallikse of maandelikse of selfs weeklikse ritueel nie, maar so dikwels as mense in Jesus se naam byeenkom. Toe ons van 2001 tot 2004 ’n huisgemeente gelei het, is elke byeenkoms (Donderdagaand en Sondagoggend) met die verbondsmaal ingelui. Ek en my eggenote Martie het dit ook verskeie kere op ons eie as gelowige egpaar gedoen en beoog beslis om daarmee voort te gaan wanneer dit vir ons op die hart lê – en nie as ’n ritueel nie

---

*<sup>11</sup>Christus het egter gekom as Hoëpriester van die goeie dinge wat nou verwesenlik is, en Hy het deur ’n uitnemender en meer volmaakte tabernakel beweeg wat nie deur mensehande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie van hierdie skepping is nie. <sup>12</sup>Hy het ook nie met die bloed van bokramme en bulkalwers nie, maar eens en vir altyd, met sy eie bloed, die heiligdom binnegegaan, en ’n ewige verlossing bewerkstellig. (Heb 9:11-12, 2020 Afrikaanse Vertaling)*

---

<sup>i</sup> Met “gewone leser” verwys ek na diegene wat nie vanuit en met streng akademiese inslag lees nie.

<sup>ii</sup> Kyk my artikel oor *The Tabernacles Of Moses And David* vir meer besonderhede – [www.hoseaconnection.org](http://www.hoseaconnection.org).

- 
- <sup>iii</sup> Malan, G & M. 2014. *Daniel Without Make-up And Long Toes: The Prophecies Of Daniel Revisited*. Die Hoseakonneksie. [www.hoseaconnection.org](http://www.hoseaconnection.org).
- <sup>iv</sup> Benner, J. 2017. *What Is The Origin Of Baptism?* Ancient Hebrew Research Center. Email received 14 December.
- <sup>v</sup> Strong number G1173. Strong's Hebrew and Greek Dictionaries. Meyers, R. e-Sword version 12.0.1. [www.e-sword.net](http://www.e-sword.net).
- <sup>vi</sup> Benner, J. 2007. *The Living Words, Volume 1*. College Station, TX: Virtualbookworm.com Publishing. P. 90.
- <sup>vii</sup> Bible History Online. *Cutting Bread*. [https://www.bible-history.com/links.php?cat=39&sub=732&cat\\_name=Manners+subcat\\_name=Bread](https://www.bible-history.com/links.php?cat=39&sub=732&cat_name=Manners+subcat_name=Bread).
- <sup>viii</sup> Montefiore, A. 2012. Wine Talk: Ancient Wine. *The Jerusalem Post*. 1 February. <https://www.jpost.com/arts-and-culture/food-and-wine/wine-talk-ancient-wine>.
- <sup>ix</sup> Querub, E. 2006. The role of wine in Jewish culture. *Jewish World*. Published 20 November. <https://www.ynetnews.com/articles/0,7340,L-3330058,00.html>.
- <sup>x</sup> Schorsch, I. 1997. *4 Cups Of Wine*. Jewish Theological Seminary. <https://www.jtsa.edu/4-cups-of-wine>
- <sup>xi</sup>. Silberberg, N. *Why four cups of wine by the seder?* Chabad.org. [https://www.chabad.org/holidays/passover/pesach\\_cdo/aid/658549/jewish/Why-four-cups-of-wine.htm](https://www.chabad.org/holidays/passover/pesach_cdo/aid/658549/jewish/Why-four-cups-of-wine.htm)
- <sup>xii</sup> Solomon, N. September 2001. *Covenant*. Oxford. [https://www.bc.edu/content/dam/files/research\\_sites/cjl/texts/center/conferences/solomon.htm](https://www.bc.edu/content/dam/files/research_sites/cjl/texts/center/conferences/solomon.htm).
- <sup>xiii</sup> Malan, G & M. 2de uitgawe. 2014. *Die Eindtydprofesie Van Jesus (Die Profetiese Rede Opnuut Beskou)*. Die Hoseakonneksie. [www.hoseaconnection.org](http://www.hoseaconnection.org).